**23 Desember** **Skrifgedeelte: Matteus 1:1-17**
**Fokusgedeelte: Matteus 1:1**

**In die geslagsregister 'n vervulling van beloftes**

"Die geslagsregister van Jesus Christus, die Seun van Dawid, die seun van Abraham …" bevat die openbaringsgeskiedenis waarin God sy trou deur die geslagte bekend maak. God wil Jesus, die man van Nasaret, as die Christus, die Messias, die Gesalfde, bekendmaak.

God het sy beloftes oor die Messias-Koning gehou. Die koningslyn loop deur tot by Christus, die Koning van die konings. Sy beloftes aan Dawid en Abraham word bevestig. Aan Dawid is beloof (2 Sam 7:16): "Jou koningshuis en jou koningskap sal vir altyd vas staan; jou troon sal altyd voortbestaan." Abraham het die volgende belofte ontvang (Gen 17:6): "… konings sal uit jou voortkom." In Abraham se nageslag, in Christus, sal die nasies geseën word. Die invoeging van vier vroue, elk met 'n donker sondegeskiedenis, toon God se vergewende genade aan elkeen wat tot inkeer kom. Jesus is Verlosser van sondaars uit al die nasies!

*Sang: Psalm 105:5* *Dr. Callie Opperman*